BOTSWANA en NAMIBIA

Ritchie Maree

Fotos deur: Ritchie en Andrènet Maree en Vincent Torlage

Hierdie een sou ‘n ware toets wees vir ons ***2007 CONQUEROR COMMANDER*** “veldwoonwa” en ons Australiese ingevoerde ***2003 TOYOTA LANDCRUISER RV SERIES 78 TROOP CARRIER***. Ons het die Commander al ‘n paar keer gebruik op kort ritte en ons was baie beïndruk, maar hierdie rit gaan alles vra wat hy kan gee.

Om die ‘stress’-vlak ‘n paar sporte te lig, het ons besluit om nog ‘n paartjie saam te nooi. Alhoewel Vincent en Lettie Torlage ervare reisigers was, was hulle nog nooit op ‘n 4x4 rit nie en was hulle ook nog nooit in Botswana of Namibia nie. Dit het beteken dat twee ‘bejaarde’ paartjies die akkommodasie van die Commander vir twee weke, in Afrika toestande sou moes deel. Verder het die roete wat ons gekies het, een van die moeilikste sand ‘paaie’ wat jy kan ry, ingesluit. Khaudum!

Ons het kort na twaalf uit Durban vertrek op die N3 Noord. Die Commander het die Trooper seepglad gevolg met geen teken van ‘n swaai nie en ons kon gemaklik die meeste van die tyd teen 130 kpu sleep.

By die Petro Port noord van Pretoria, het ons gestop om bene te rek. Ons het besluit om by Bela Bela (spreek asseblief uit as ‘biela biela’: “bela metse” beteken kookwater) in een van die chalets te slaap omdat ons die volgende oggend vroeg in die pad wou val. *[Bela Bela Aventura 014 736 8500 Fax 014 736 8677 - R475 vir ‘n 2x dubbelkamer chalet]*. Na ‘n lekker ete by die Spur, was daar nog tyd om in die warm bad van die oord te ontspan.

Voorwaar ‘n oorstaanplek wat ons kan aanbeveel. Van ons voorgenome vroeg in die pad val, het niks gekom nie. Nee, ons was kort na sonop al gereed en het voor sewe by die kantoor gewag om uit te boek, toe ons moes verneem dat die kantoor eers agtuur oop maak. Daarna moes iemand eers die chalet gaan inspekteur voordat ons die deposito kon terug kry.

Ons het by Bela Bela 148.96 liters diesel in die Trooper gegooi wat omreken na 5.02 km per liter. Na ontbyt by die Wimpy is ons eers na nege daar weg. Ons het ons opsies vir ons volgende oornagplek oorweeg en besluit ons gaan probeer om tot by Kasane te kom. ‘n Afstand van ongeveer 1200 km. Die voordeel om ‘n ekstra dag in Chobe te wees, het ons almal se denke benewel. Om nag ryery, wat in Afrika ten alle koste vermy moet word, tot die minimum te beperk, moes ons ‘n goeie spoed handhaaf. Dit was geen probleem vir die Trooper en die Commander nie. Ons papierwerk was in orde en ons is sonder oponthoud deur die twee grensposte by Groblersbrug en by Martin’s Drift. By Martin’s Drift is die Kwa Nokeng Lodge op die rivier se wal in Botswana en by Palapye is Camp Itumela wat ‘n paar kilometers van die pad af is [*S22°32’543 E27°05’274 telefoon 00267 71806 771 fax 00267 482 0228*]. Pasop vir spoedlokvalle in die klein dorpies. Op Francistown het ons ‘n lang stop gemaak Die Trooper het 118.95 liters diesel gesluk wat ‘n konsumpsie van 5.0 km per liter vir die been gegee het. Nie sleg vir die vrag en die spoed wat ons gery het nie.

Ons het geen probleme by die rooilynhekke gehad nie. Daar was seker nie ‘n bek- en klouseer risiko nie, want hulle het ons nie eers gestop nie. So 20km buite Francistown is ‘Woodlands’ as ons wou oorslaap [*00267 244 0131 fax 00267 244 0132*].

Tien km voor Nata is Nata Lodge and Camp Site [*00267 621 1260*]. Ons is verby en kort na Nata het ons regs afgedraai na Pandamatenga.

Dit het nou begin donker word en ons het nog sowat 300 km oor gehad na Toro Lodge by Kazungula. Dit het gou vir ons duidelik geword hoe dom dit is om in die nag in Afrika te ry. Probleem nommer een was dat ons nou een van die slegste stukke pad van die hele 7500 km toer gekry het. Naby Nata was hulle besig om aan die pad te werk en daarna was dit “*potholes a la Africa*”. Masiewe gate wat in die nag onmoontlik was om te vermy tensy jy teen 20 kpu gery het. Dit het die veerstelsels en die bande van die Trooper en die Commander ongelooflike gestraf. Gelukkig het ek in vyftienjaar en meer as 200 000 km 4x4 in Afrika, geleer om my bande se druk elke oggend te meet. Ek is seker dit het voorkom dat ons bandskade gekry het.

Probleem nommer twee, was dat die ligte van die Trooper, met die ekstra gewig agter, te hoog geskyn het. Dit was



vererger met die regter domplig wat skielik die gees gegee het. Met die probleme in Zimbabwe, was daar ‘n groot aantal swaar voertuie wat van voor gekom het. My dompligte wat te hoog skyn, het hulle gepla en hulle het my tydig en ontydig met hul hoofligte gepeper.

Kort na Pandamatenga het ‘n trok my weer kwaai geflits en toe ek weer sien is ek byna op die Koedoe. Ons en die trok en die Koedoe is gelukkig by mekaar verby sonder om te raak. Net genade, maar dit was ‘n benoude oomblik. Teen die tyd dat jy die dier sien, is daar niks wat jy kan doen nie. Jy sien nie eers ‘n olifant in die nag voordat jy op hom is nie. Vra vir my, ek weet uit jare gelede se ondervinding, maar dis ‘n ander storie. Nooit weer nie!

Ons het so 20h30 by Torro Lodge [*S18º48’50 E25º49’13 telefoon 00267 625 2694 fax 00267 72111 283 epos torolodge@botsnet.bw*] by Kazungula aangekom en nadat ons ‘n smaaklike, sagte biefstuk in hulle restourant geëet het, het ons die Commander by luukse staanplek #5 parkeer.

Ons was baie verbaas toe ons die deur oopmaak en sien al die pakplekke/kassies is nog netjies toe. Toe ons deur die slaggate ry het ek onwillekeurig gedink aan ‘n vorige rit met ‘n gewone luukse woonwa op ‘n redelike grondpad. Toe ons by ons bestemming stilhou, was al die kassies se deure oop en die meeste van die netjies gepakte inhoud, het die vloer vol gelê. Conqueror was beslis briljant met hulle kassies wat toe rits. Dis ‘n wenner.

Dit was ons eerste nag met vier volwassenes in die Commander. Elke staanplek het sy eie toilet, stort- en kombuisarea onder dak. Dit was dus nie nodig om die badkamergedeelte aan die regterkant op te slaan nie. Kampplek kos BP30 plus BP20 vir elektrisiteit en BP 55 per volwassene per nag.

Ek staan gewoonlik op as ek die voëltjies hoor gesels, maar die volgende oggend was almal vroeg op om ‘n lieflike

Botswana sonsopkoms met koffie en beskuit in te wag. Dis mos die lewe! Ai, hoe naby kan ‘n mens aan jou Skepper kom?

Almal het lekker geslaap in die Commander. Lettie was vir my nogal ‘n bekommernis. Sy was ‘n klompie jare gelede in ‘n ernstige motorongeluk waar sy baie seer gekry het en nou gepla is met ‘n rug en ‘n heup wat soms pynlik is. Geen klagtes oor sleg slaap of rugpyne nie. Vincent is langer as ek en hy het heerlik op die bank binne geslaap, terwyl ek en my vroutjie in die bed op die neus geslaap het. Dat almal lekker geslaap het was vir my ‘n groot verligting, want as een van ons nie lekker geslaap het in die Commander nie, sou dit ‘n groot probleem gewees het. Vincent en Lettie het aan die einde van die toer gesê, hulle het lekkerder in die Commander geslaap, as in die paar Lodges waarin ons geslaap het.

As tent opslaan vir jou altyd ‘n “shlep” was, kan jy gerus die Commander probeer. Die afdakkies aan beide kante is netjies weggepak in ‘n sak wat toerits en vas is aan die woonwa se dak. Omdat dit bo die stoflyn is, bly dit redelik vry van stof en jy is nie besmeer nadat jy die afdak opgeslaan het nie. Jy rits eenvoudig die sak oop en rol die afdak uit sonder moeite. Al jou pale vir die afdak word ook in dieselfde sak gebêre. Dit maak dit net soveel makliker en jy sien nie meer op na die opslaan nie. Wanneer jy oppak, is dit net so maklik. Jy neem eenvoudig een paal en gebruik dit om die afdak mee op te rol. Nadat jy dit in die sak gesit het, pak jy die res van die pale in die sak en rits dit toe. Om dit makliker te maak om bo te werk, het my vroutjie die briljante plan gekry om ‘n kombuis leertjie (twee trappies) te koop en deel van die Commander te maak. Te maklik!

Om die neusbed oop te maak is net so eenvoudig en een persoon kan dit alleen doen. Natuurlik is dit lekkerder, gouer en makliker as almal help! Net ‘n plesier. Ek dink terug aan ons woonwadae toe die kinders nog in die skool was. Ek, as die Generaal en Hoof van die huis, het ‘n dikreet uitgevaardig dat niemand toilet toe mag gaan nie, voordat die woonwa en tent klaar opgeslaan was nie. Man, ons kamp was altyd vinnig klaar.

Die res van die kombuis rol uit met jou messegoed, borde, opwasplek en yskas byderhand. Lopende warm en koue water word uit die 150 liter tenk onder die Commander, tot in jou wasbak of die stort gepomp. My vroutjie het die (groot) laai buite links agter, geannekseer, vir haar potte en ander kombuisgoed. Badgoed was buite regs voor waar die wasbak is en my braaigoed, tenttoue, hamer en ander gereedskap was in die laai regs agter. Die kombuis het alles wat jy in die bos nodig het en die groot tafel wat so oulik wegpak, sorg vir genoeg werk- en eetspasie. Die tafel het sy eerste nuwe tafeldoek in Kasane gekry.

Kasane bied jou al die geriewe van ‘n middelslag dorp. Daar is twee winkelsentrums, insluitende ‘n Spar, Hospitaal, dokters, tandarts, hardeware en werkswinkels. Daar is ook ‘n tak-kantoor van die Botswana Parkeraad [*00267 625 0235*]. Die dorp was vroeër die hoofstad van Botswana. By die Polisiehoofkwartier staan die kremetartboom nog waarin gevangenis

opgesluit was.
Jare gelede toe daar net een ou klein winkeltjie en een petrolpomp was, was dit algemeen om ‘n olifant in die hoofstraat te sien stap. Nou is daardie wonderlike atmosfeer weg en is dit ‘n gewoel van voertuie in ‘n dorp wat nie vir soveel verkeer beplan is nie.

Om nie te praat van die Kongo nie. Ek gaan nog soheentoe. Kyk maar op Google.

Interessant, die Chobe en die Zambezi se samevloei is oos van Kasane, by Kazungula. In die droë maande vloei die Chobe nie, maar die massiewe waters van

Die volgende paar dae (danksy ons ekstra dag) het ons in die Chobe Game Reserve, ongeveer 40km vanaf ons kampplek, spandeer. Die toegangsfooi vir die park was ongeveer BP1590 vir vier van ons vir drie dae. Ons het ook op ‘n ‘sunset cruise’ teen ‘n bykomende BP120 per persoon, gegaan. Ons het die bespreking by Toro Lodge gedoen, maar al die bote vertrek vanaf die Chobe Marina Lodge [*00267 6252 220*] in Kasane. Dit is ‘n absolute MOET en is altyd elke sent en die moeite werd. Jy sien net die natuur uit ‘n hoek waaraan jy nie gewoond is nie. Ons in Suid Afrika ken mos nie riviere nie.

Gaan kyk gerus na die massiewe waters van die Chobe en die Zambezi by Tete.

die Zambezi veroorsaak dat die water dan in die Chobe opstoot, weswaarts, en die Chobe vloei dan terug. As jy verstaan wat ek bedoel?

Een middag het ons na die pont oor die Zambezi gaan kyk. Hoe mense, bokke, voertuie en groot trokke op die ponte gelaai word. Jy kan nie glo hoeveel swaar vragmotors daar tou staan nie. Moenie die groot Annabome met hul pragtige sade mis kyk nie. Gaan betoon jou respekte en bewondering – hulle is ouer as jy.

In Chobe het ons ‘n groot verskeidenheid diere gesien en volop daarvan. Dit was baie droog en die natuur het die lentereëns afgewag. Jy ry nie eintlik nie. Jy sit net en kyk. Veral hoe groot troppe olifante soos kinders in die water baljaar. Mekaar stoei en onder druk of sommer net staan en water spuit. Die troppe olifante kom gewoonlik so tussen elf- en tweeuur water toe.

Ons het by die ou verlate Serondellakamp, by boom #7 stilgehou en ietsie geëet. Dit was nostalgies en baie mooi herinneringe het deur my gedagtes geflits. Die bobbejane wat die ouens oorkant se kamp gestroop het. Een het bo in die boom gaan sit met ‘n pak Macaroni. Hoe die groot bobbejaanmannetjie, tenspyte van my alwysheid, die volgende dag ‘n hele

brood feitlik uit my hand gesteel het. Of vat ‘n bobbejaan net? Hy steel nie. Ek wonder wat sou Pieter Pieterse gesê het? Hoe ons een aand inderhaas die vleis op die rooster moes los en in die karre spring vir leeus wat kom kyk het wat maak ons. Hoe die wildbewaarder my broer wou vang omdat ons een nag agter die leeus aan is. Hy was dood benoud. Dis nou my broer. Hier het ek gesien hoe ‘n Nonnetjiesuil ‘n muis aan haar kleintjie voer in die boom bo ons, en hier het ek geleer hoe jy vroegaand ‘n Koluiltjie roep, tot hy hier bo jou sit. Die nuwe kamp, Ihaha, kan vir my nie Serondella vervang nie. Serondella is in ‘n ander klas - waar hoogere dinge is. Ons groet ou maat, mooi bly. Jy was baie goed vir ons.

Daar was twee troppe leeus. Een van drie en een van agt leeus. Albei die troppe was die eerste dag honger en het ten aanskoue van ons, onsuksesvolle pogings aangewend om iets te vang. Die nag het albei sukses gehad en ons kon die volgende dag kyk hoe die drie aan ‘n buffel vreet en ook hoe die groot trop ‘n eland vreet.

Ons was ook gelukkig om Pukus te sien wat net hier voorkom.

Ek kan die hele twee weke hier kuier, maar daar was ander opwindende plekke wat gewag het – en Khaudum !!!

Die tyd het aangebreek dat ons die ander lede van ons groep in die Caprivi gaan ontmoet. Toe ons in Kasane by die Shell vulstasie wou vol maak, moes ons hoor daar was nie brandstof nie. Dit is niks ongewoons in Afrika nie en ‘n mens moet maar altyd gereed wees vir so iets. Ons het geweet by Kazungula was daar ‘n Engen vulstasie en ons is soontoe. Daar was wel brandstof, maar die lyne het nie gewerk nie en ons moes kontant, in Pullas, vir die brandstof betaal. Die Trooper se dors is met 123 liters geles (5.8 km per liter).

Vroeg die oggend is ons sonder probleme Namibia in by die Ngoma Bridge grenspos. Die amptenare het regtig nie in ons belang gestel nie. Jy mag nie vleis of gevlegde mandjies in Namibia inbring nie en ek het onwillekeurig terug gedink aan ek en my vroutjie se eerste besoek aan hierdie grenspos. Toe was daar nog nie eintlik geboue nie. Die amptenaar het sonder seremonie al ons vars vleis gekonfiskeer. Ek het aangedring om die vleis self te vernietig. Hardegat sien!

Die maklikste plan was om dit in die ‘longdrop’ te gaan gooi, maar daar was net spoel toilette. Kan jy glo? Omtrent nie ‘n behoorlike kantoor nie, maar spoel toilette? Die manne se prioriteite was tenminste reg, gedagtig aan die duisende eensame toilette in Suid Afrika. Natuurlik apartheid se skuld. Nouja, so maklik laat ‘n boertjie hom nie van stryk bring nie. Net daar besluit ek plan B is om diesel op die vleis te gooi en dit aan die brand te steek. Weet jy hoe stadig brand vleis met ‘n spul diesel op? Ek het later maar besluit dat dit wyser is om op gepaste wyse van die vleis afskeid te neem, want mens ry nie in die nag nie.

Deur die Caprivi is dit ‘n lekker teerpad. Moenie dink in Afrika gaan jy die eensame wildernis in nie. Oral in Afrika bly die mense vir goeie redes langs die pad. So, jy ry maar altyd deur landelike dorpies met vee wat langs, of in die pad, loop. By Katima Mulilo moet jy langs die Caltex Garage by ‘n kantoortjie vir jou ‘n derdeparty permit gaan koop. Dit is nie by die grens beskikbaar nie.

Daar is ‘n OK waar jy jou vleisvoorraad kan aanvul en ander kosse kan koop.

Die bedrading van die Trooper is volgens Conqueror se spesifikasies verander sodat die Commander se batterye gelaai word terwyl jy ry. Die Engel vrieskas bly die hele tyd sonder probleme gevries. Wanneer ons by ‘n 220 volt kragpunt staan, koppel ons op en weereens word die batterye gelaai en die vrieskas doen sy ding.

Hierdie keer het ons nie by Kongola by die Kwandorivier (Fort Doppies vir diè wat weet) na een van die verskeidenheid van reservate of ‘lodges’ afgedraai nie. Ons het aan gery na Bagani, waar ons afgedraai het na Mahango. Die middag het ons gou ‘n draai in die Mahango wildtuin gaan ry. Heelwat olifante gesien.



Ons het oornag gekamp op die groen grasperk van ‘n lieflike lodge by die Popavalle in die Okavangorivier. Hier het ons die ander lede van die groep van Klerksdorp gekry waarmee ons saam gaan ry totdat ons Etosha verlaat. Charl en Rodè Retief, saam met wie ons oor baie jare ver paaie gery het. Eintlik moet ek sê: gejaag het. Ons het mekaar nou belowe ons gaan dit nou rustiger vat. Nê Charl? Charl het ook sy vriende: Boet, Wimpie en Roelf met hulle se gades saamgebring.

Die groot Shell vulstasie, wat laas geen brandstof gehad het nie, was nou toe en verlate. Gelukkig het ons geweet van die Engen pompe by die winkeltjie ‘n ent verder aan. Die Trooper het 100 liters geneem (5.2 km per liter).
Van hier af was dit 600 km voordat ons weer brandstof kon kry by Grootfontein. Met ‘n Commander woonwa deur die Khaudum. Gelukkig kom die Trooper standaard (al in 2003) met twee brandstoftenks wat gesamentlik 180 liters neem. Geen ‘jerry’-kanne nie. Toyota Australia maak wonderlike voertuie.

Ek wonder wat die kans is dat Toyota Australia, Toyota Suid Afrika kan oorneem, sodat ons ook ordentlike Toyotas hier kan koop. OK, grap net. Ek weet hulle (Australia) is nie 'BEE compliant' nie. My Landcruiser wat soortgelyk is aan die Landcruiser bakkie, maar wat 'n stasiewa bak het, ontwikkel 122kW teenoor die 96kW van die plaaslike een en myne ontwikkel 380nm. Dit is ongeveer 'n derde meer krag. Ewenaarslotte voor en agter was al in 2003 standaard toerusting. Wat 'n plesier. Gaan kyk gerus op die webwerf www.toyota.co.au na die verskil tussen die enjins. Miskien is dit maar beter so, anders gaan die taxis ons nog verbyvat ook.
More kom die groot toets vir man en masjien op die sandspore in Khaudum.

Goeie beplanning is gewoonlik 90% van jou sukses. Met die Commander wat so maklik oppak, was ons vroeg al op pad. Lank voor ons vriende wat in grondtente geslaap het en nie sleepwaentjies of woonwaens sleep nie. Die plan was ook dat ons voor moes ry, ingeval ek sou vassit. Charl en ek het albei tweerigting radios wat baie handig is op ons ritte in die bos. Dit is 'n goeie teerpad vanaf Bagani na Katere, waar die sandspore afdraai na Khaudum.

Ek draai net van die teerpad af, op die spore, en stop. Ek kon die verbasing en skok op Vincent se gesig sien toe hy vra: "Gaan ons op diè pad …. ?" Ja, die volgende 55km neem gewoonlik so drie ure met 'n 4x4 voertuig en julle moet ten minste twee voertuie wees. Ons gaan dit doen - en 'n Commander woonwa ook sleep. Ek vra almal om te help om die banddruk op al die wiele, insluitende die Commander, te verlaag na 1.1 Bar. Toe is dit Lae Strek en konsentrasie. Die belangrike ding is om jou toere bo 1500 te hou en om ten alle koste jou momentum te hou. As jy voel jou voertuig begin grawe, stop voor hy op sy maag lê. Ons kan hom dan met die wenas uittrek en weer begin.

Ja ek was senuweagtig, maar ek het geweet my goeie, ervare vriend is agter my.

Die Trooper het geloop asof hy hoegenaamd nie van die drama bewus was nie en die Commander het sonder swenk of swaai gevolg asof dit een eenheid was.

Te gou gepraat. Net toe ek begin ontspan en ek voel hoe my skouerspiere verslap, gebeur iets waaraan ek nooit gedink het nie!

Ons het net die lang bult begin klim, toe daar drie voertuie van voor kom. Hoe nou gemaak? Ek kan nie teen hierdie bult stop nie. Dit sal fataal wees. Ek kan nie met die woonwa uit die diep spore kom sonder groot risiko nie. Vinnig dink boet – tyd raak min!

Ek moes hulle waarsku oor my situasie en hoop hulle verstaan. Ek skakel my noodflikkers aan en flits my ligte. Wat 'n vermetelheid - maar die manne verstaan mooi en een vir een trek hulle met moeite uit die spore en wag vir my om verby te kom. Wat se wonderlike mense is die 4x4 ouens nie. Maar die absolute verbasing op die manne se gesigte sal ek lank onthou. Veral die agterste ou. Hy het 'n Pajero gery en die bebaarde gesig met die mond wat oop hang, bly my by. Hulle het seker gedink diè ou is stapelgek.

Laat my dink aan die storie van die man en vrou wat in die hysbak wat vol was, wou klim. Die man staan toe terug dat die vrou inklim. Sy sê toe: "Is dit oor ek 'n dame is?" Waarop hy antwoord: "Nee, dis oor ek 'n 'gentleman' is." Baie dankie aan daardie drie 'gentlemen'!

Hulle was by die teerpad besig om hulle bande te pomp, toe Charl hulle daar aankom. Hulle was gou om te vertel van die ou met die woonwa wat probeer om met hierdie pad by Khaudum te kom.

Wel, ons het Khaudum sonder die minste moeite bereik. Nie een keer het die Ausie Trooper geklink of hy swaar trek nie. Ek kon hom maar uit Lae Strek gehaal het, maar ek het gevoel dis maar die veiligste. Jy weet nooit hoe lyk die pad voorentoe nie. Liewer teveel krag in reserwe as te min. Op een plek moes ons juis uit die pad uit om om 'n boom te ry wat oor die pad lê.

Die stof, wat seker 'n element van magnetisme of so iets het, het die kleur van die Commander verander in 'n bruin met pragtige patrone daarin.

Dit het net ‘n paar minute geneem om ons kamp op te slaan, toe sit ons en wag vir ons vriende. En het ons gewag, want al drie van hulle het vasgesit. Eers die Isuzu. Toe die Hilux wat die Isuzu gaan probeer help het. Toe die Prado wat die Hilux gaan probeer help het. Baie snaaks nê? Jy lag nie vir ‘n ou wat vassit nie, want volgende keer sit jy dalk vas. Ingevoerde Toyota of te not!

Die olifante het die ablusies by Khaudum gesloop en daar is niks van die toilette en storte oor nie. Charl is ‘n staatmaker planmaker en hy laat nie op hom wag nie. Nasaat van Piet Retief, sien. Gou het hy met die kampbestuurder ge ‘negotiate’ dat ons die personeel se toilet en stort (en bad) mag gebruik.



Dit klink baie goed nê? My vriend, as jy nie weet hoe ‘n Afrika toilet of stort lyk nie, wag daar ‘n skok vir jou. Die gebou is van planke wat al vrot is en uitmekaar val.

Die stort het nie ‘n kop nie. Die water loop by die pyp onder die dak uit. Plek skoonmaak? Warm water? Jy grap seker? Maar, vir ons wat die bos ken en gewoond is om ‘n gat agter ‘n bos te grawe vir ‘n toilet en om vanaand, as dit donker word, agter jou voertuig op ‘n rubber matjie te staan en jou uit ‘n emmer te was, was dit ‘n luuksigheid waaraan ons nie gewoond was nie. Dit was met groot dankbaarheid aanvaar. Onthou ons is in ‘n semi-woestyn en tot jou vel smag na ‘n bietjie water.

Ons het weer nie die Commander se badkamerdeel gebruik nie. Ons was eintlik net suinig met ons water.

Een van die dames in Charl se groep was hoogs ontsteld toe sy die fasiliteite sien. Ek kan nie haar woorde herhaal nie, maar dit kom daarop neer dat dit nie ‘n plek vir ‘n mens is nie. Ja, Afrika is nie vir sissies nie, maar jy kan dit baie geriefliker maak met ‘n Commander.

In Botswana kry jy dikwels ‘n bos maag. Daar is ‘n bakterie wat diaree veroorsaak. Hoe en waar jy hom optel is ‘n raaisel. Ons neem ons eie water van die huis af saam en drink nie ander water nie, en tog vang hy ons soms. Feitlik die hele groep het diaree gehad. Ek, wat dit lanklaas gekry het, het die ergste deurgeloop.

Die behandeling wat ons gebruik is dat jy, sodra jy voel jou maag is nie lekker nie, dadelik ‘n stywe dop Chamberlain’s Koliek neem. En ek bedoel ‘n stywe dop. Sommer amper ‘n halwe bottel met so min water as moontlik. Ons neem altyd ‘n klompie bottels saam en menige 4x4 vriend het al van my vroutjie se koliek geleer. As dit nie werk nie, neem jy twee Immodiums of Betaperamides na ‘n stoelgang. Jy kan dit dalk twee keer probeer. As dit nog nie jou maag stop nie, moet jy maar van die groot kanonne gebruik. Dit is of Kantrexil of ‘n nog sterker een Ciprobay. Laasgenoemde is ‘n antibiotika en jy moet die kurses voltooi. Vra jou dokter.

Dit was baie droog in Khaudum en die paar watergate het min water gehad. Heelwat olifante het kom drink en mors.

‘n Familie van ses hienas het laat middag in die sand gelê en slaap. ‘n Klein troppie rooihartebeeste en blouwildebeeste het gestaan en wag dat die olifante klaar mors.

Die volgende oggend was dit die 60km skof van Khaudumkamp af na Sikeretti wat die park van bo na onder deurkruis.

Volgens die Namibiese Natuurbewaring neem dit ongeveer vier ure met ‘n 4x4 voertuig.

Ons het weer vroeg begin, omdat die sand makliker is as dit nog koel is. As dit warm word, sit die sandkorrels uit en meer lug kom tussen die korrels, wat die sand losser en swaarder maak om deur te ry. Ons het agter gery sodat ons een voertuig met ‘n radio voor in die konvooi het en die ander een agter.

‘n Boom wat deur ‘n olifant oor die pad gedruk is, het vir ‘n bietjie opwinding gesorg. Die bos was te ruig om ‘n ompad te ry en onder Charl se leiding, het Wimpie die boom met sy Hilux vir ons na die kant van die pad getrek.

By Sikeretti was die kamp in bykans dieselfde toestand. Die olifante het nie die goed beskadig nie, maar niks het gewerk nie. Daar is ‘n ses meter hoë toring waarop daar twee watertenks staan.

Die toring staan gereed om om te val. ‘n Paar van die bene was daar nie meer nie. Die platform waarop die tenks gestaan het se hout was al vrot en dit was ‘n wonder dat die tenks nog daar staan.

Die nuwe pype vir die toring het daar gelê. Toe gegroei onder die gras. Ons moes water wat uit die tenks oorloop in ons emmers probeer opvang omdat die krane nie gewerk het nie.

Laat middag het die kampbestuurder dit

bewerk dat die storte water gehad het. Weereens *'a la Africa'*, maar vir ons was dit salig om onder lopende water te staan en was.

Die nag was dit volmaan en 'n olifant het al die asblikke besoek.

Van Sikeretti af is dit 60km na Tsumkwe en alhoewel ons 'n harder pad verwag het, was daar genoeg sand. Die bulte is eintlik duine. So, onder in die vallei is dit harde grond maar as jy oor die bulte gaan, ry jy sand. Ons het weer agter gery en toe ons 'n duin oorsteek, sit die Isuzu vas en ons moet stop. Gou het die konfooi weer gery, maar ek moes albei ewenaarslotte aansit en eers 'n bietjie terug stoot om op eie stoom weer aan die ry te kom.

Toe ek die afdraai na die Dorslandtrek se kremetartbome kry, was Charl hulle al verby en ons het besluit om nie af te draai nie. Ons was al daar.

By Tsumkwe het ons weer al die bande op druk geplaas. Nou was dit 222km 'goeie', harde, sinkplaat grondpad tot by die aansluiting met die teerpad. Grootfontein was nog 57km verder. Die Trooper het 139 liters gesluk (4.45km per liter). Ons het by die Spar 'n bietjie voorraad aangevul. 'n Lekker koolkop was bo aan die lys. In die Spar is 'n kafee waar ons 'n lekker bord gekookte kos geëet het.

Die 164km na Namutoni was in 'n japtrap agter die rug. In Namutoni was daar 'n miernes van bedrywigheid. Mense was besig om die padtekens oor te verf. Een verf terwyl vyf morele ondersteuning en raad gee. Ons kan baie leer. So was dit met nuwe plaveisel wat in die strate gelê word. Groot wit tente was besig om te verreis. Namutoni het spiekeries gelyk. Hoe het die mense geweet ons kom?

By die kantoor was ons teleurgesteld toe ons vriendelik meegedeel is dat ons net vannag daar mag oorstaan en dat ons die volgende oggend vroeg moes uit wees.

Die rede? Dit was die eeufeesviering van die Etosha wildtuin en die hele Namutoni was bespreek vir die eregaste. Asgevolg hiervan is al die besoekers uitgeplaas na Halali en Okaukuejo. Charl het vooraf vir ons bespreek. 'n Hele aantal groot swart Toyota 100 stasiewaens het reeds netjies in 'n ry gestaan en wag om die hooggeplaastes van die vliegveld af aan te ry.

Die Etosha Wildtuin se kampe is oorgeneem deur Namibia Wildlife Resorts en al die kampe word opgradeer. Dit lyk baie oulik en die werk is van goeie standaard. Ongelukkig word die pryse baie verhoog en plaas dit hierdie gesogde wildtuin buite bereik van baie van ons

[*Tel 00264 (67) 229 801 Fax 00267 (67) 229 820 reservations@nwr.com.na*].

Etosha se wild was volop en in 'n goeie kondisie. Die watergate was onvergeetlik. Of soos al die adverteerders Saterdagoggende op 'n sekere radiostasie se reisprogram adverteer: "DIS ONGELOOFLIK" ! As jy dit nie glo nie, hoe verwag jy ek moet dit glo? Of: "hierdie toer van ons is ONGELOOFLIK gewild." Hoekom adverteer jy dan nog? Eina!

Glo my, Etosha is ONVERGEETLIK!

Halali is 'n lekker kamp met 'n leë swembad, maar met 'n mooi watergat waar jy kan sit en diere kyk. Ook in die nag. Ons het lekker vleis gehad om te braai, en die koolkop. Maak die koolkop skoon en was hom onder die kraan. Sny hom dan in twee halwes en sny die halwes amper deur. Smeer margerine op die binne dele en gooi sout en peper. Sommer 'Aromat'. Draai in swaardiens foelie toe en plaas met die rugkant na onder, op die kole. Los vir ongeveer 'n uur. Al hou jy nie van kool nie, jy gaan baie lekker eet. Veral in die droë dele waar jou gestel nogal 'n behoefte het aan sulke kosse.

Volgende dag is ons na Okaukuejo. Charl het vir ons een staanplek kon kry. Daar was nie 'n manier dat ons almal op daardie staanplek kon inkom nie. Ek het probeer om nog 'n staanplek te kry, maar alles was vol. Daar was nog net twee luukse chalets oor vir een nag en ons moes dit neem. Charl het vir twee nagte bespreek, maar ons het noodgedwonge besluit om die volgende dag suid te ry.

Daar was 'n trop leeus so veertien kilometers van die kamp af en ons het gou gaan kyk. Ek het gedink die leeus gaan lig wees soos die leeus van Kgalagadi, maar hulle was bruin van kleur.

Die watergat by Okaukuejo stel nooit teleur nie.

Jy kan daar vir ure sit tot diep in die nag. Die aand het drie swartrenosters ook ‘n besoek gebring. Die Trooper het 130 liters gevat (5.89 km per liter).

Ons toer van hier af was gladnie beplan nie en ons kon ry soos ons voel.

Ons het pad gevat na Spitzkoppe en gedink ons sal daar gaan slaap as ons tot daar kom. Ons het mos ons eie huis saam gesleep en ons kon enige plek slaap.

Ons het by Otjiwarongo weg gedraai na Kalkveld en toe na Omaruru. Hier het ons gestop want ek het ‘n koolkop gesoek. Ons probeer ook altyd om ‘n bietjie met die mense te gesels as ons ver paaie ry. Ek is by ‘n klein winkeltjie in en kon my oë nie glo nie. Daar was van alles. Van motor onderdele tot ‘n koolkop.

Die atmosfeer was wonderlik en ek was terug by kleintyd in die plaaswinkeltjie met sy roltwak. Ek het almal in die Trooper gaan roep om te kom kyk en ek het soveel gekoop as ek kon.

Tot klein blikbekertjies vir die kleinseuns by die huis.

Oorkant die straat was ‘n eetplek waar ons iets kon koop en wegneem. Dit was Saterdagmiddag. Die kroeg was vol mense. Party met rollers in die hare. Buite was vier kindertjies van so agt nege jaar. Ek het vir die dame gesê ek wil vir die kinders iets koop om te eet. Waarvan sal hulle hou? “Meneer, koop vir hulle ‘n brood en ‘n tweeliter coke. Hulle doop die brood in die coke en is mal daaroor.” Mens leer elke dag iets nuuts behalwe as jy jou ore en oë toe hou. Brood en Coke kan dalk goed wees as ons die dag van ons karige pensioen moet leef. Moet dit onthou.

Voor jy oor die brug oor die (droë) rivier ry, is daar ‘n indrukwekkende struktuur op regterhand.

Dit is die ateljee van ‘n persoon wat spesialiseer in kunswerke wat veral van boomwortels gemaak is. Goldbach se “Tikoloshe Afrika”. Baie interessant!

Dit is ‘n goeie teerpad en jy vorder vinnig. By die myndorp Karibib, het ons ‘n draai deur die dorp gery om die gevoel te kry. Lekker dorpie.

‘n Goeie grondpad neem jou na Spitzkoppe. By die mooi versorgde kantoortjie en tuin, het ons die toegangsfooi van N$140 betaal [*064 530 879*].

Daar was sowat twee ure daglig oor en ons kon die kampeerplekke en die natuur bekyk.

Ons was gesê om na die westekant van die koppe te gaan waar die verkleuring van die klipkoppe die mooiste sou wees. So gemaak, maar ek het hierdie storie nog nie mooi geglo nie. Dit gebeur toe.....ONGELOOFLIK! Net voor die son sak. Die massiewe rotse het verander in ‘n diep rooi. ‘n Pragtige gesig!

Swakkopmund was so 170 km daarvandaan en dit was nog vroeg. Ons het die pad gevat soontoe. Daar aangekom, was dit vriesend koud met reën en ‘n sterk wind. Niemand slaan kamp op in sulke weer nie. Ons moes plek soek om te slaap. Alles was vol – dit was skoolvakansie. Uiteindelik het ons plek gekry by die Hotel Zum Grunen Kranz of te wel die Swakop Lodge [*00264 64 402 039 Fax 00264 64 405 016 bookings@swakoplodge.com*]. Die tarief was N$420 per dubbelkamer per nag, sonder etes. Daar is ‘n *ala carte* restourant in die hotel. Heel lekker gebly en sal weer soontoe gaan.

Volgende oggend was dit steeds vriesend en onplesierig en ons het eers ‘n draai gery met die kus op en toe is ons na Walvisbaai. Daar het ons volgemaak met 121 liters diesel (5.78 km per liter).

Die Naukluft in die Namibwoestyn met sy barre klip is nie mooi nie. Amper soos die Skedelkus. Tog is daar iets misterieus. Miskien voel jy uitgedaag om hier te probeer oorleef.

Die Kuisebpas, voordat jy van die Windhoekpad afdraai, is ‘n skouspel.

Dis ‘n harde grondpad verder na Solitaire en Sesriem. Ek is baie bedag daarop dat die neuswiel van menige woonwa of sleepwa gewoonlik in die slag bly as jy slegte pad ry. Die knypskroef skud los en die wiel val grond toe waar hy afgeruk word.

Ek maak elke keer die neuswiel met ‘n ‘tiedown’ vas as dit opgelig is om te verhoed dat dit gebeur. Tussen Tsumkwe en Grootfontein het die klippe die ‘tiedown’ afgeslaan, maar die bout het hom vasgehou.

Hierdie keer het die klippe hom weer afgeslaan, maar die bout het hom nie vasgehou nie. Die gevolg is, die neuswiel het ons verlaat. **Tinus de Vries by Conqueror in Heidelberg (GT) [*016 349 6533 Fax 016 341 6535*]**, het nou ‘n nuwe neuswiel op die Commander gesit met ‘n dubbelwiel wat jy afhaal as jy klaar gehaak het. Dit is die ideale oplossing want die neuswiel ry altyd op die middelmannetjie as jy 4x4 ry.

Die staanplek by Sesriem was pragtig. ‘n Kameeldoringboom met ‘n lapa daarom en ‘n kraan, nie te ver van die waskamers af nie. ‘n Pragtige uitsig om jou. Lekker gebraai. Weer ‘n koolkop. Heerlik om daar in die donker by die vuurtjie te sit met ‘n glasie van die Kaap af en te luister na die jakkals wat ver roep na sy maat.

Toe gebeur dit! Dit begin wurms reën. Ek het al kommandowurms gesien. Hulle loop op die grond. En ek ken mopaniewurms. As hy op jou voet klim kan jy maar skop soos jy wil. Hy sit en ‘smile’ net vir jou. Hierdie wurms kom van bo af. In jou bord, op jou kop, klere, orals. Nie net ‘n paar nie, ‘n magdom soos die Fillistyne. Hulle val uit die Kameeldoringboom.

Ek het al dikwels onder ‘n kameeldoringboom in die veld gekamp en ek hou nogal daarvan. Hy maak ‘n mooi koelte en om hom is dit kaal getrap deur die wild wat in die hitte van die dag kom koelte soek. Die sterk reuk van gemsbok- en blouwildebeesmis is ook aangenaam. Dit maak jou kop skoon van al die onnodige, selfopgelegde gebruikies en gelofies wat sommige mense beskawing noem. Maar hierdie wurms was teveel en hulle was op ‘n missie. Die parkeraad se man kon geen verklaring gee of enige lig op die saak werp nie. Daar hoef ook nie ‘n verklaring te wees nie. As jy in die natuur lewe, is dit die natuur se plek en jy moet inpas en jou skik daarna.

Vroeg oggend was ons gereed om die 67 km na Sossusvlei te ry.

Die pad is geteer tot by die parkeerplek vir 4x2 voertuie.

Wat ‘n wonderlike gesig. Jy kan die kamera in enige rigting druk en jy het ‘n mooi prentjie.

‘n Baie mooi prentjie, veral in die lig van die opkomende son.

Die son was skaars op en die windjie was koud. Onder ‘n lae bos het ‘n jakkals gestaan. Wat maak hy hier, het ek gewonder? En die volstruis en die gemsbok? Waarvan leef hulle in hierdie dorre onherbergsame sandwêreld?

Terug by die kamp het ons vir die laaste keer opgepak voor ons die pad gevat het huis toe.

Sien jou iewers in Afrika, by die Commander onder die kameeldoring, naby die watergat!

****

Opgedra aan my vroutjie en my baie vriende wat ver paaie saam met ons gery het.

****

HIERDIE TOER:

7 407 km afgelê

16 dae

1 406 liters diesel gebruik

R9 727 betaal vir brandstof

5.27 km per liter gemiddelde verbruik

****

Die inligting verstrek in hierdie artikel is korrek na die beste van my wete.

Ek aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir enigiets hierin vervat nie en reisigers moet hulle self vergewis van die feite.

Ritchie Maree . 082-7711 794

Groete

Ritchie